**Hoërskool Transvalia**

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ..........................................

**OUER-OMSENDBRIEF NO 1 VAN 2019**

**Geagte Ouers / Voogde**

**VERWELKOMING**

'n Besondere woord van verwelkoming aan die Gr 8's, asook ander nuwe leerlinge en hulle ouers in die Transvalia gemeenskap. Ons vertrou dat julle vinnig sal inskakel en gelukkig sal wees. Ouers word uitgenooi om betrokke te raak by aktiwiteite. U moet asb vrymoedigheid neem om enige probleme onder die skool se aandag te bring.

**PERSONALIA**

Baie geluk aan Me Hoy ( Nou Me Le Roux) wat die afgelope vakansie in die huwelik bevestig is. Mag sy en haar eggenoot 'n baie lang en gelukkige huweliksverbintenis hê. Hartlik welkom aan al die volgend personeel wat vanjaar by Transvalia aansluit : Me M Roos (Wiskunde gr 8 en 9) ; Me A Keys wat waarneem in Me D Briel se plek vir Engels gr 10 en 11. (Ons dink aan Me Briel wat tans mediese behandeling en chemo ontvang.); Mnr J Eloff (Engels gr 8,LO gr 8 en 11) ; Me N Röde (Nw gr 8 en 9, Lw gr 10) ; Me L Vorster (EBW gr 9 en Rek gr 10) ; Mnr T Roos (Gr 8 / 9 Sw en LO) ; Me A v d Merwe (Gr 8 en 9 Afrikaans). Me D Fourie is in Mnr W Joubert se plek vir It. Ons vra dat u ook in u gebede dink aan Mnr Joubert wat in die hospitaal is, na die verwydering van 'n gewas op die brein.Hy is vir die res van die jaar met siekverlof. Baie welkom ook aan Me S Prinsloo wat werksaam is in die admin-kantoor. Sy is ook ons nuwe Direkteur vir Hokkie.

**MATRIEKUITSLAE VAN 2018**

Baie geluk aan ons personeel en matrikulante met baie goeie uitslae! Ons spog met 312 vakonderskeidings en 88,6% universiteitsvrystelling.Die slaagpersentasie is 100 %. Transvalia is dan ook die akademiese toppresteerder in die distrik.

Ons is ook baie trots op die volgende leerders wat topprestasies behaal het :

Marelize Roux spog met 9 onderskeidings ; Carla Vivier en Wiehann Vorster het 7 onderskeidings ; Ziné Botha, Christiaan de Wet, Kian Moolman, Wouter Roos, Meghan van Deventer, Chris van Niekerk en Sumarie Wessels het 6 onderskeidings. Die volgende leerders het almal 5 onderskeidings : Annabelle Cadwell, Roelof du Plessis, Christiaan Landberg, Ryan Nel, Erna Odendaal en Amber-Jane Wilson. Daar is verder 10 leerders met 4 onderskeidings, 13 met 3 onderskeidinggs enen 34 met 2 onderskeidings.

**VERPLIGTE OUER-INLIGTINGSVERGADERING VIR GR 9 – 12**

Ouers / voogde en hul kinders word uitgenooi om 'n verpligte vergadering in die skoolsaal op die volgende datums om **17:30 vir 18:00** te kom bywoon. Presensie word geteken voor die vergadering in aanvang neem.

16 Januarie : Graad 12
22 Januarie : Graad 11
23 Januarie : Graad 9 en 10

**HAAL VAN HANDBOEKE EN BETALING VAN REGISTRASIEGELD VIR 2019**

Die **eerste paaiement** van die skoolgelde naamlik **R 1100.00**, is **<u>NOU</u>** reeds in die finansiële kantoor betaalbaar. Gelde is ook per internet betaalbaar, sodat leerders handboeke kan ontvang vir die aanvang van die nuwe skooljaar. I**nbetalingsbewys word by die boekstoor getoon.**

**<u>Let wel</u> !!** Verwerking van meriete beurse en subsidies gaan **nie** plaasvind, alvorens die R 1100.00 betaal is nie, want dit maak **nie** deel van meriete beurse en subsidie uit nie.

**Indien u sou versuim om die betaling te doen, gaan u kind sonder handboeke wees tot en met die inbetaling**

**SKOOLGELDE BETAALBAAR VIR 2019**

***Skoolgelde vir 2019 beloop in totaal R15 400,00 per leerling per jaar.*** Die res kan soos volg afbetaal word:

- ***11 gelyke paaiemente van R1 300 per maand*** (Januarie tot November)
- ***Ten volle betaal teen einde Februarie*** met 10% korting op R14 300,00.

Leerders wat op akademiese-, sport-, kultuur- en leierskapgebied presteer het in 2018, kan in aanmerking kom vir merietebeurse, wat **korting op skoolgeld** beteken en kan hiervoor **aansoek** doen in **Januarie. Merietebeursvorms sal in Januarie beskikbaar gestel word** en moet teen einde Januarie ingedien wees.

Neem asb ook kennis dat ouers wat finansiële probleme ondervind en wat volgens bruto inkomste kwalifiseer volgens Staatsregulasie 29311, kan aansoek doen vir subsidie deur die nodige aansoekvorms by die Finansiële kantoor te kry.

Neem kennis dat die aansoeke vir subsidie einde Januarie 2019 sluit en dat die voorgeskrewe aansoekvorm en stawende dokumente dan deur die Beheerliggaam van die skool verwerk sal word. Riglyne volgens Staatsregulasie 29311 sal dan deur die Beheerliggaam gebruik word om subsidies toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| Sentrumfondse is as volg: | R300 | IT; RTT; Visuele Kuns; Drama |
| | R450 | Pas & Draai |
| | R500 | Verbruikerstudie |
| | R200 | Ekstra vakke (elk) |

**BUSTARIEWE**

**Roete bustariewe:**

| | |
|---|---|
| Kwartaalkaartjies | R1 250 |
| Jaarkaartjies | R3 900 |

**Sportbustariewe:**

| | |
|---|---|
| Sportritte binne Vanderbijlpark | R10 |
| Sportritte binne die Vaaldriehoek | R30 |

Sportritte buite die Vaaldriehoek tot by Johannesburg R70 (Heidelberg, Frankfort, Parys, Heilbron)
Sportritte verder as Johannesburg se pryse sal bepaal word per geleentheid.

**BANKBESONDERHEDE VIR INBETALINGS**

| | |
|---|---|
| ABSA | Rekeningnommer 530 390 594 |
| TAKKODE | 632005 |
| VERWYSING | Skoolfondsrekeningnommer |

**MOET ASB NIE INTERNET OORBETALINGS VIR WERKBOEKE DOEN NIE**.

**Natuur Wetenskap** : Gr 8 en 9 (R 160.00). Gr 10 – 12 Fisika (R160.00) en Chemie (R160.00)

**Besigheidstudies** : Handboek word aangekoop : Gr 10 (R 150.00) ; Gr 11 (R 160.00) ;
Gr 12 (R 170.00)

**LW. !!** Moenie 2018 boeke by lle oorkoop nie. Die uitgawe van die boeke het verander.

**Toerisme :** Verpligte Toerisme handleidings R 120.00 (Gr 10-12)

**Rekenaartoepassingstegnologie :** Handleiding vir gr 10 – 12 (R100.00). Inbetalings tot aan die einde van die eerste kwartaal.

**FACEBOOK**

Ouers is welkom om op ons Facebook blad te gaan kyk vir die nuutste nuus en inligting. Die blad se naam is Valia LOR.

**KOöRDINERING VAN PERSONEEL WAT 'N VAK IN DIESELFDE GRAAD DEEL**

Dieselfde kurrikulum word deur die onderskeie personeel, (wat dieselfde vak in 'n graad aanbied), behandel. Al die klasse skryf oor dieselfde werk toetse, dus sal al die klasse tot op daardie punt klaar wees met die werk. U moet egter daarvan bewus wees dat nie al die onderwysers van dag tot dag identies dieselfde vorder nie. Daar is aktiwiteite in die skoolprogram en periode-lengtes wat verskil, wat dit nie moontlik maak nie. Op die uiteinde sal almal egter op dieselfde punt met die werk wees.

**ADDISIONELE HULPKLASSE**

Leerders wat met 'n akademiese probleem geïdentifiseer word, sal verplig wees om hierdie gratis hulpklasse by te woon. Ons doen 'n ernstige beroep op ons ouers / voogde om dit asb ten volle te ondersteun. Betrokke leerders sal 'n brief (gerig aan u as ouer/ voog) vir kennisname ontvang. Die klasse sal elke Vrydagmiddag vir 4 - 6 weke aangebied word. Die klasse is nie op spesifieke vakke gerig nie. Dit gaan oor studiewenke en o.a. algemene beplanning. Soos bekend, is hierdie kursusse baie duur, maar u kind kan dit dan absoluut gratis bywoon.

**WISKUNDE GRAAD 11**

Daar is 'n ekstra periode op Vrydae vanaf 7:25 in die saal. Bywoning is verpligtend want nuwe werk word behandel. Die periode is onderhewig aan die skool se reëlings en kan soms nie plaasvind nie.Leerders sal vooraf in kennis gestel word.

**LEERLINGE MET MOTORS EN MOTORFIETSE**

Slegs leerlinge met 'n geldige bestuurslisensie sal toegelaat word om in die skoolterrein te parkeer. 'n Afskrif van die lisensie moet by die kantoor ingehandig word.

**OP- EN AFLAAI VAN LEERLINGE**

Ouers / voogde moet asb daarop let dat u NIE IN DIE SKOOLHEK of IN DIE STRAAT VOOR DIE HEK stilhou, om leerlinge op of af te laai nie. U moet asb ook nie by die sporthek inry om leerlinge op die terrein af te laai nie. U moet asb op die sypaadjie stilhou of u kan van die deurry in

Schumannstraat langs die netbalbane, gebruik maak. Deur ons hiermee te help kan ons die verkeervloei en ophoop van motors en leerlinge voor ons ingange, ten goede verbeter. U moet asb. ook nie by die kantooringang voor die hek stop nie. Baie dankie by voorbaat vir u samewerking.

**AFWESIGHEDE EN AFTEKEN**
Ons herinner ons ouers / voogde aan die reëling om asb die skool te skakel wanneer u kind afwesig is. Afwesighede moet asb tot ‘n minimum beperk word. Wanneer ‘n leerling nie deur die ouer / voog persoonlik afgeteken word nie, moet die persoon wat dit namens die ouer / voog doen, ‘n skriftelike toestemmingsbrief inhandig met ook ‘n kontaknommer van die ouer / voog.
Waar Ieerlinge afwesig is met enige formele assesseringstaak (toetse, eksamens, portefeulje opdragte), moet ‘n doktersbrief binne 3 dae ingedien word by die kantoor. Leerlinge moet ook ‘n afskrif van die doktersbrief by die betrokke vakondenwyser indien.Wanneer ‘n leerder afwesig was met enige assesseringstaak wat punte tel, moet dit in die daaropvolgende week in die saalperiode ingehaal word. Reëlings sal by die skool getref word.

**KULTUUR**
Alle dansprestasies van 2018 moet aangemeld word by Me M van Schalkwyk met die oog op die prysuitdeling van 7 Februarie.

**KRIEKET**
Oefening vir 0/14 en 0/15 spelers op Dinsdae en Donderdae vanaf 15:30 tot 17:00. Na die atletiekseisoen sal julle vanaf 14:30 – 16:00 oefen. Op Maandae en Woensdae kan julle direk na skool by buiteafrigters oefen.

**KOOR OUDISIES**
Kom sing jou hart uit en maak musiek deel van jou siel. Koor oudisies vir graad 8 leerders en ander belangstellendes word vanaf 4 Feb om 14:30 in die mediasentrum gehou. Name vir oudisies word by Me Prinsloo in K16 opgegee. Koorkamp te Venterskroon 5 – 7 April

**AKADEMIESE PRYSUITDELING**
Ons akademiese prysuitdeling vind vanjaar op 7 Februarie te Kompasgemeente om 18:00 plaas. Reëlings sal aan betrokke leerders per briefie deurgegee word. Alle aanmeldings vir die prysuitdeling sal voortaan gedoen word by Me G Grové.

**BELANGRIKE DATUMS**

Die leerlinge het ‘n huiswerkboekie waarin die hele jaar se aktiwiteite aangeteken is ontvang.Indien u vakansiereëlings vir volgende jaar wou tref, moet u die volgende reëlings in gedagte hou : **Sporttoere** vind plaas gedurende die Maart-skoolvakansie (15 Maart tot 2 April). U kan nou reeds begroot vir inbetaling teen einde Februarie.

**Januarie**

| | |
|---|---|
| 16 | Gr 12 Ouervergadering (18:00) |
| 18 | Atletiek Florida (Weg) |
| 22 | Gr 11 Ouervergadering (18:00) |
| 23 | Gr 9 en 10 Ouervergadering (18:00) |
| 25 | Atletiek Garsfontein (Weg) |
| 28 | Netbal ouervergadering 18:00(Skoolsaal) en Kleedrepitisie groentjie konsert vanaf 14:30 |
| 29,30,31 | Groentjiekonsert |
| 31 | Aansoeke vir meriete beurse en subsidies sluit |

**Februarie**

| | |
|---|---|
| 1 | Atletiek Tuisbyeenkoms (DP de Villiers Stadion) |
| 7 | Akademiese prysuitdeling |
| 8 | Atletiek : Midstream (Weg) |

15 Atletiek : Noordheuwel (Weg)
Mnr en Mej Valia : Eerste uitdunne
16 Valentynsbal
27 Atletiek Noordvaal Interhoër (Ruimsig)
28 10% Skoolfondskorting sluit

| **Datum** | **Span** | **Plek** |
|---|---|---|
| **Netbal :**<br>28 Januarie<br>16 - 20 Maart | <br>Alle voornemende netbalspeelsters se ouers vergader<br>Alle A-spanne: Klofiefees | <br>18:00 skoolsaal<br>Waterkloof |
| **Rugby :**<br>21 Januarie<br>15 - 20 Maart | <br>Alle ouderdomme - Ouervergadering<br>Noord-Suid Derby Toer te HTS Daniël Pienaar | <br>18:00 Skoolsaal<br>Uitenhage |
| **Hokkie :**<br>17 - 20 Maart<br>20 – 23 Maart<br><br>21 - 25 Maart<br>2 – 3 Feb | <br>Dogters 0/14 A ; 0/15 A ; 0/14 A-seuns : Nedstar<br>O/16 A-seuns en 16A en 0/18A -dogters : Nedstar<br><br>0/18 seuns<br>Alle spanne | <br>Pretoria<br>Pretoria<br><br>Potchefstroom (NWU)<br>VUT |
| **Fietsry:**<br>5 Februarie<br>25 - 29 Maart<br>28 - 31 Maart | <br>Alle fietsryers se ouers vergader<br>Alle spanne<br>Alle spanne : Spur Fest | <br>18:00 Skoolsaal<br>Mankele<br>Gariepdam |
| **Koor :**<br>Oudisies vanaf 4 Feb.<br>5 – 7 April | <br>Gr 8's en ander belangstellendes wat nog nie in die koor is nie<br>Kamp | <br>14:30 Mediasentrum<br>Venterskroon |
| **ATKV-debat:**<br>13 Feb. | <br>Interne uitdunne ('n Aparte brief sal volg met detail reëlings) | <br>17:00 Skoolsaal |
| **Redenaars :**<br>18 Feb.<br>20 Feb. | <br>Gr 8 en 9 interne uitdunne<br>Gr 10 – 12 interne uitdunne<br>('n Aparte brief sal uitgegee word met detail reëlings.) | <br>17:00 Skoolsaal |

Sterkte vir die nuwe jaar wat voorlê. Ons hoop elkeen het lekker uitgerus en is vol moed en nuwe krag terug vir al die werksaamhede van 2019.

…………………………………………
J R Venske
HOOF